higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE SUID-AFRIKAANSE GESONDHEIDSORGSTELSEL
NKR VLAK 3

(9020053)

3 Maart 2020 (X-vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

249Q1S2003

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Gee die definisie van elk van die volgende:

1.1.1 BSO (‘CSO’)

1.1.2 NRO (‘NGO’)

1.1.3 NWO (‘NPO’)

1.1.4 GGO (‘CBO’)

1.1.5 GGO (‘FBO’)

(5 × 2) (10)

1.2 Jy werk as 'n fondsinsamelaar by 'n trust wat aanvullende gesondheidsorgdienste aan die gemeenskap lewer.

1.2.1 Verduidelik die registrasie van 'n trust. (2)

1.2.2 Bespreek VIER verskillende maniere van befondsing wat jy aan die bestuurskomitee kan voorstel. (4 × 2) (8)

1.3 Alternatiewe gesondheidsorgpraktisyns word aan streng regulasies onderwerp.

1.3.1 Noem die Wet wat alternatiewe gesondheidsorgpraktisyns reguleer. (1)

1.3.2 Noem VIER etiese beginsels wat alternatiewe mediese wetenskap moet nakom. (4)

1.3.3 Noem VYF waardes van alternatiewe mediese wetenskap. (5)

[30]

VRAAG 2

2.1 Definieer die volgende tipes gesondheidsorg:

2.1.1 Die Suid-Afrikaanse vir-wins gesondheidsorgstelsel (4)

2.1.2 Tradisionele medisyne (5)

2.1.3 Alternatiewe medisyne (4)

2.1.4 Tersiêre gesondheidsorg (1)

Kopiereg voorbehou

2.2 Noem die soort medisyne wat deur die volgende statutêre rade gereguleer word:

2.2.1 Raad vir Gesondheidsberoepe

2.2.2 Raad vir Tradisionele Gesondheidspraktisyns

2.2.3 Raad vir die Geallieerde Gesondheisberoepe van Suid-Afrika ('Allied Health Professions Council')

(3 × 2) (6)

2.3 Oor die afgelope paar jaar het die gebruik van aanvullende medisyne toegeneem.

2.3.1 Verduidelik die geskiedenis van alternatiewe medisyne in Suid-Afrika wat tot hierdie toename gelei het. (2)

2.3.2 Bespreek waarom mense verkies om alternatiewe medisyne te gebruik. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 3

3.1 Noem of die volgende beskrywings by TRADISIONELE of ALTERNATIEWE medisyne pas. Teken die tabel hier onder in die ANTWOORDBOEK en voltooi dit deur slegs die vraagnommer (3.1.1-3.1.10) onder die korrekte opskrif neer te skryf.

3.1.1 Maak van naalde gebruik om drukpunte in die liggaam te verlig.

3.1.2 Gooi bene om die die pasiënt se siekte te verstaan.

3.1.3 Sluit die gebruik van vitamiene en minerale in.

3.1.4 Maak van liggaamshouding en asemhaling gebruik om met genesing te help.

3.1.5 Genesing vind plaas wanneer die kliënt in 'n trans-agtige toestand verplaas word.

3.1.6 Genesing deur middel van gebed.

3.1.7 Gebruik essensiële olies vir genesingsdoeleindes.

3.1.8 Manipulering van die ruggraat om met rugpyn te help.

3.1.9 Geneeskrag van die gemoedstoestand.

3.1.10 Daar word soms na genesers as *sangomas* verwys.

Voorbeeld:

TRADISIONELE MEDISYNE	ALTERNATIEWE MEDISYNE
3.1.11	3.1.12

(10)

3.2 Noem VIER maniere waarop tradisionele medisyne van Westerse medisyne verskil. (4 × 2) (8)

3.3 Tradisionele medisyne moes oor die jare verskeie uitdagings trotseer.

Bespreek of tradisonele medisyne as 'n vorm van privaatgesondheidsorg deur mediese hulpskemas aanvaar word. (2)

3.4 Wat is die voordele van tradisionele medisyne vir gemeenskapslede, met ander woorde, waarom maak mense daarvan gebruik? (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 4

4.1 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1-4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Die regering betaal 'n privaatentiteit om die fasiliteite te bestuur.

4.1.2 Die regering betaal 'n privaatentiteit om dienste te lewer.

4.1.3 'n Privaatentiteit gebruik staatsfasiliteite.

4.1.4 Privaatmaatskappye word ooreenkomstig hierdie dokument geregistreer.

4.1.5 Privaatmaatskappy doen liefdadigheidswerk (filantropiese werk) ooreenkomstig hierdie dokument.

(5 × 2) (10)

4.2 'n Mediese toeris het 'n nosokomiale infeksie in Suid-Afrika opgedoen.

4.2.1 Verduidelik die term mediese toeris. (2)

4.2.2 Wat is 'n nosokomiale infeksie? (1)

4.3 Noem TWEE maniere waarop daar gewoonlik vir privaatgesondheidsorg betaal word. (2)

4.4 Een van jou medewerkers doen 'n besering by die werk op.

Bespreek hoe die volgende wette 'n rol in hierdie scenario speel.

4.4.1 Wet op Beroepsgesondheid- en Veiligheid

4.4.2 Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes

4.4.3 Wet op Arbeidsverhoudinge

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

4.5 Waarom word die Kwaternêre Gesondheidsorgmodel as 'n uitbreiding van tersiêre gesondheidsorg beskou? (3 × 2) (6)

4.6 Verduidelik hoe die fokus van die Heringenieuring van Primêre Gesondheidsorg-model ietwat van die Primêre Gesondheidsorgmodel verskil. (3)
[30]

VRAAG 5

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Jy is die adviseur vir Beroepsgesondheid en Veiligheid by 'n boumaatskappy. Gedurende jou tyd daar moes jy verskillende take in verband met werkplek-gebaseerde gesondheidsorg aanpak.

5.1 Die maatskappy waarvoor jy werk het verskeie takke regoor Suid-Afrika en hulle wil werkplekgebaseerde gesondheidsorg by al hulle takke implementeer.

Definieer die term *werkplekgebaseerde gesondheidsorg.* (3)

5.2 Noem VIER gesondheidsorg-inisiatiewe wat deel van werkplek-gebaseerde gesondheidsorg is. (4)

5.3 'n Werknemer moet na 'n bekende privaathospitaal geneem word.

Noem DRIE van die grootste rolspelers in privaathospitale in Suid-Afrika. (3)

5.4 Bespreek hoe werkplekgebaseerde gesondheidsorg tot die werkgewer se voordeel kan wees. (5 × 2) (10)

5.5 Noem VYF verskille tussen die OPENBARE SEKTOR en PRIVAATSEKTOR gesondheidsorg. Kopieer en voltooi die tabel in die ANTWOORDBOEK.

OPENBARE SEKTOR	PRIVAATSEKTOR

(5 × 2) (10)
[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer

KOLOM A		KOLOM B	
6.1.1	Tradisionele snydokter	A	kan vrou, wat swanger is, ondersteun
6.1.2	Geloofsgeneser	B	betrokke by die besnyding van jong seuns gedurende Afrika-rituele
6.1.3	Tradisionele vroedvrou	C	sal natuurlike medikasie voorsien om siektes te genees
6.1.4	Waarsêer	D	kan 'n individueel se behoeftes voorspel sonder dat hulle hom/haar daaroor ingelig het
6.1.5	Kruiedokter	E	gebruik naalde vir genesing
		F	sal heilige water gebruik om pasiënte te genees

(5 × 1) (5)

6.2 Aanvullende medisyne word in drie hoofkategorieë geklassifiseer.

6.2.1 Gee VYF voorbeelde van natuurlike produkte. (5)

6.2.2 Gee VIER voorbeelde van verstand-liggaam-medisyne. (4)

6.2.3 Gee DRIE voorbeelde van manipulerende liggaamsgebaseerde praktyke. (3)

6.3 Gee DRIE uitdagings wat praktisyns van tradisionele medisyne, behalwe mediese fonds aanvaarding, die hoof moet bied. (3)

6.4 Verduidelik hoe tradisionele medisyne 'n rol in primêre gesondheidsorg kan speel. (5 × 2) (10)

[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou